

Donderdag 8 Augustus

Skrifgedeelte: Hebreërs 11:1-7 (1983-vertaling)	Fokusgedeelte: Hebreërs 11:1
--	-------------------------------------

Om te glo

Om te glo, is iets wat eintlik totaal teen ons denke ingaan. Ons werk met logika, oorsaak en gevolg, bewyse, teorieë, wetenskaplike stellings. Dit is immers wat 'n vliegtuig in die lug hou, my begroting laat klop, my rekenaar laat werk.

Maar geloof is anders. "Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie" (Heb. 11:1).

As jy glo, het jy 'n diep sekerheid van iets waarop jy al jou hoop plaas, waarop jy jou hele lewe bou – alhoewel jy dit nie kan sien nie. Tog is jy só seker hiervan dat dit vir jou is asof jy die bewyse hier voor jou oë kan sien.

Dit bly 'n geheimenis. En, sal jou siniese buurman jou vertel, in 'n wêreld waar fopnuus elke kort-kort almal op hol het, bly dit 'n groot risiko om te glo. Hoe kan jy seker wees wat jy glo is waar? Hoe kan jy jou hele lewe bou op iets waarvoor jy nie bewyse het nie?

Maar dit is juis die aard van geloof, nie waar nie? Geloof is nie 'n intellektuele opweeg van feite en 'n versigtige berekening van uitkomst nie. Nee, geloof het 'n diep geestelike dimensie, gegrond in 'n besondere liefdesverhouding met God Drie-enig.

Hebreërs 11 spel dit pragtig uit. Hulle wat glo, se lewens is heerlik anders: ryk, vervullend, diep, sinvol. Selfs al moet jy soms op aarde verskriklik swaarkry.

Want geloof laat jou onvoorwaardelik vashou aan God. Die kruisdood en opstanding van ons Here Jesus maak dit moontlik. En dit maak ons geloofsoë oop: ons kyk anders na die lewe. En ons sien die pad wat Hy met ons loop op weg na die ewige heerlikheid saam met Hom. Daarom is ons treë lig en ons harte sing.

Sing: Psalm 146-1: 1, 3, 8

Dr. EJ Smit (Rassie) (Wapadrant)